

SONDAG 14 JUNIE

SKRIFGEDEELTE: 1 KRONIEKE 16:37-42

FOKUSGEDEELTE: 1 KRONIEKE 25:3 (OAV & NAV)

Jedutun – Leer jou kinders om die Here te loof

Dawid was diep onder die indruk van die liefde en genade, maar ook die almag en heerlikheid van die Here. Daarom neem hy die teenwoordigheid van die Here nie vanselfsprekend nie.

Die Here het deur die ark sy teenwoordigheid bevestig, en daarom stel Dawid Leviëte aan om by die ark diens te doen. Dit is egter 'n besondere diens. Hulle moes die die Here die God van Israel roem, loof en prys.

'n Paar manne word by name aangesê om die Here te loof, en Jedutun (lof) is een van die manne. Die besondere hiervan is dat die lofprysing nie in die eerste plek 'n oproep tot die volk is om ook iets te doen nie. Die lofprysing is ook nie om iets van die Here te kry nie. Hulle loof die Here omdat Hy die Here is.

Dit is ongelooflik, want deur hierdie een ding wys hulle die genade, liefde, trou en heerlikheid van die Here. Hulle werk nie vir iets nie, hulle jubel hulle blydskap oor die redding wat hulle verniet gekry het, en hulle erken die heerlikheid en ewigheid van die Here wat waardig is om geloof te word.

Hoe besonders Jedutun se lofprysing egter is, hoor ons in 1 Kronieke 25:3. Sy kinders het onder sy leiding ook die Here geloof en geprys.

Leer ons ons kinders dat die Here ons Here is? Leer ons hulle van sy almag en heerlikheid, maar ook sy liefde en genade?

Leer ons ons kinders om die Here te loof?

Sing Psalm 146:1

Ds. AP (André) de Jager (Klerksdorp-Noord)